NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL** **4115/3**

PAPER 3 Listening Comprehension Approx. 45 minutes

Marks 30 **2017**

**TEACHER'S TEXT**

ORDINARY LEVEL

This document consists of **9** printed pages.

Republic of Namibia

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

* Two male voices **(M1 + M2)**

* One female voice **(F)**

**(M1)**
Dit is die Namibiese Senior Sekondêre Sertifikaat op Gewone Vlak vir die November 2017-vraestel vir die eksamen in Afrikaans as ’n Tweede Taal, Vraestel 3, Luisterbegrip.

Welkom by die eksamen.

Binnekort sal jul onderwyser die vraestelle uitdeel. Wanneer jy jou vraestel ontvang, vul jou naam, kandidaatnommer en sentrumnommer op die voorblad in. Moenie met enige persoon praat tydens die eksamen nie.

As jy wil hê dat die CD-speler harder gestel moet word, sê dit nóú vir die onderwyser. Die CD-speler sal nie gestop word terwyl die eksamen aan die gang is nie.

Die CD-speler moet nou gestop word en die vraestelle uitgedeel word.

[BLIEP]

Noudat almal gereed is, hier is die toets.

Kyk na die vrae vir Afdeling 1. Daar is ses (6) vrae in hierdie deel van die eksamen. Vraag vir vraag sal julle ’n beskrywing van die situasie hoor soos dit op die vraestel verskyn.

Pouse: 00’05"

## (M1) AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1 – 6**

Vir Vrae **1** tot **6** sal julle ŉ reeks situasies hoor. Beantwoord elke vraag op die reël wat daarvoor voorsien is. Jou antwoord moet so kort as moontlik wees. Jy sal elke situasie twee keer hoor.

**(M1)**
**Vraag 1**

Die Botaniese Vereniging van Namibië bied Saterdag hul gereelde begeleide staptog in die botaniese tuin aan. Watter nommer sal jy tydens kantoorure skakel as jy navrae wil doen?

**(M2)**
* Vir navrae, skakel 061- 226 871 of na ure 0811 8675 43. **

Pouse: 00’10”

Herhaal van * tot **

Pouse 00’05"

**(M1)**
**Vraag 2**

ŉ Kenner gee die volgende gesondheidswenk. Watter siekte kan jy moontlik voorkom deur elke dag knoffel te eet?

**(F1)**
* Knoffel is lankal bekend om sy kiembevegtende eienskappe. Daar word selfs gesê dat dit verkoue voorkom dit daagliks as geëet of gedrink word. **

Pouse: 00’10”

Herhaal van * tot **

Pouse 00’05"

**(M1)**
**Vraag 3**

ŉ Vliegtuigpassasier spog: Wat kan jy binne ŉ uur doen?

**(F1)**
* “Op ŉ uur lange vlug van Oranjemund na Windhoek kan ek ŉ boek lees. As ek nog ŉ kwartier het, kan ek jou sê wat op elke bladsy staan.” **

Pouse: 00’10”

Herhaal van * tot **

Pouse 00’05"

**(M1)**
**Vraag 4**

Die Suid-Afrikaanse Ruimte-Agentskap gee die volgende inligting.  Wanneer  is die eerste sterrewag in die Kaap opgerig?

**(M2)**
* Suid-Afrika is sedert 1685 betrokke die moderne astronomie.  Dit is die jaar toe die eerste tydelike sterrewag in die Kaap opgerig is. **

Pouse:  00’10”

Herhaal van * tot **

Pouse  00’05"

**(M1)**
**Vraag 5**

ŉ Dieetkundige gee die volgende raad.  Watter gedeeltes van vrugte en groente kan jou ongemaklik laat voel as jy dit eet?

**(F1)**
* Geniet jou groente en vrugte, maar vermy enigiets wat jou ongemaklik laat voel.  Dit help om die skille en pitte te verwyder. **

Pouse:  00’10”

Herhaal van * tot **

Pouse  00’05"

**(M1)**
**Vraag 6**

Vandag se bejaardes sit en wag nie hulle lewe om nie.  Noem twee aktiwiteite waarmee hulle hulself besig hou.

**(M2)**
* “Ons wag nie ons lewens om nie: Ons dans, draf marathons, reis oorsee of doen interessante handewerk.  Sommige van ons studeer selfs nog.” **

Pouse:  00’10”

Herhaal van * tot **

Pouse  00’05"

**(M1)**
Dit is die einde van Afdeling 1.  Binnekort sal jy Afdeling 2 hoor.  Kyk solank na die vrae vir Afdeling 2, Oefening 1:  Vraag 7.

Pouse:  00’ 15”

## (M1) AFDELING 2

**Oefening 1:  Vraag 7**

Luister na ’n praatjie van Michelle McLean, voormalige Mej. Heelal, oor  voorkoms en hoe om met die jare mooi te bly, en vul die korrekte antwoorde in die spasies daarvoor voorsien.
Jy sal die praatjie **twee** keer hoor.

### (F1) *Gesonde mense is mooi mense

*Dis nie vir my maklik nie, maar ek glo eenvoudige dinge soos om reg te eet, help jou om beter te lyk. Gesonde mense is mooi mense.  Ek sal byvoorbeeld sjokolade  net een maal per  week geniet.

Ons almal weet ook dis belangrik om water te drink.  Ek drink saans minstens drie glase water en soggens twee glase warm water met vars suurlemoensap om die suurheidsgraad van my liggaam te verlaag.  Dis bekend dat te veel suur in jou liggaam tot siektes kan lei.

Hou jou liggaam en gees in harmonie met oefening.  Wat oefening betref, maak ek tyd om te gaan stap en in daardie tien minute dink ek aan al die redes waarom ek gelukkig is.  Dan ervaar ek vrede – en hopelik wys dit ook in ’n mens se uiterlike.

Saans was ek my gesig sodat my gesig kan asemhaal terwyl ek slaap.  Ervaring het my geleer dat minder grimering jou jonger laat lyk.  Ek begryp dat vroue plooitjies of pigmentasie onder swaar grimering wil wegsteek, maar sodoende vestig jy net die aandag op hierdie dinge.  As jy ’n uitstekende vogroom en onderlaag aanhet, dra so min as moontlik poeier. **

Pouse:  00’10”
Herhaal van * tot **
Pouse:  00’10„

**(M1)**
Dit was die einde van Afdeling 2:  Oefening 1:  Vraag 7.  Kyk nou na die vrae vir Afdeling 2, Oefening 2:  Vrae 8 – 13.

Pouse:  00’15”

**(M1) Oefening 2: Vrae 8 – 13**

Luister na die uittreksel uit Jennifer Lopez se outobiografie en maak ŉ regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie. Jy sal die teks **twee** keer hoor.

**(M2) *Langpad na self-liefde**

In haar outobiografie vertel Jennifer Lopez hoe sy ná drie mislukte huwelike en ŉ verbreekte verlowing die sleutel tot die lewe gevind het.

Vir die wêreld lyk sy soos die rolmodel wat alles het: roem, rykdom, skoonheid, ŉ glansryke loopbaan en ŉ skattige tweeling op die koop toe. Maar in haar nuwe outobigrafie, *True Love*, onthul Jennifer Lopez sy het herhaaldelik in verhoudings beland waarin sy “geestelik, emosioneel en verbaal mishandel gevoel het”.

Die sangeres, aktrise en American Idol-beoordelaar praat vir die eerste keer oor die opbreek van haar huwelik van sewe jaar met die sanger Marc Antony. Jennifer sê al is hulle op goeie voet ter wille van hul sesjarige tweeling, Max en Emme, was die egskeiding moeilik en pynlik. Sy vertel hoe sy as perfeksionis baie krities teenoor haarself is en met elke mislikking van ŉ verhouding voel asof sy haarself verloor.

Nou, ná drie mislukte huwelike – met die kelner Ojani Noa, die danser Cris Judd en Marc – en ook ŉ verbreeke verlowing aan die akteur Ben Afleck, het sy eindelik die pad na genesing en selfontdekking gevind.

**(F1)**
“Ek onthou die presiese oomblik dat alles verander het. Ek was in die woestyn buite Los Angeles, besig om vir ŉ fotosessie reg te maak. Dit was in Julie 2011 en ek en Marc het pas ons sewende huweliksherdenking gevier. Enigeen wat van buite toegekyk het, sou gedink het my lewe is volmaak: Ek het ŉ man en pragtige kinders gehad. Ek was ŉ beoordelaar op American Idol en my nuwe enkelsnit, “On the floor”, was wêreldwyd bo-aan die trefferlyste.

Maar min mense het geweet dat my huwelik aan skerwe was en ek baie bang was.

Die pad na emosionele herstel was lank en die lewe is steeds nie hoe ek my dit voorgestel het nie, maar dis steeds wonderlik.” **

Pouse: 00’15”
Herhaal van * tot **
Pouse: 00’10”

**(M1)**
Dit is die einde van Afdeling 2, Oefening 2: Vrae 8 – 13. Kyk nou na die vrae vir Afdeling 3: Oefening 1: Vrae 14 – 19.

Pouse: 00’15”

## (M1) AFDELING 3

**Oefening 1: Vrae 14 – 19**

Luister na die onderhoud met die Suid-Afrikaanse sanger Kurt Darren nadat hy van ’n ernstige motorongeluk herstel het. Beantwoord die vrae in die spasies wat daarvoor voorsien word. Jy sal die onderhoud **twee** keer hoor.

**(M1)**
***Kaptein is terug**

AHOOI! Die Kaptein is terug, en met sy nuwe album hou hy sy lyf seerower! Ja, dit gaan weer voor die wind met Kurt Darren nadat hy van ’n ernstige motorongeluk in Julie herstel het. Boonop is hy terug op die langpad en die verhoog. Huisgenoot gesels met hom oor sy album, sy gesondheid en daai oogklap…

**(M1)**
**Vertel ons van die musiek op Seerower.**

**(M2)**
Dit wissel nogal, maar dis ’n vars klank. Ek wou dit nie te styf maak nie, want luisteraars moet voel hulle kan saamsing en lekker luister sonder om daaroor te dink.

**(M1)**
**Die musiekvideo van die treffersnit lyk baie opwindend. Het dit jou uitgeput?**

**(M2)**
Die video is in Tafelbaai geskiet op ’n regte seerowersboot met regte swaarde en vegtonele. Ek wou nie ’n dubbelganger gebruik nie; ek wou al die aksietonele self aanpak. Toe ek aan ’n net moes vasklou en oor die see hang terwyl ek die seerower met my swaard aanvat, het hy met ’n hele paar wonde weggeloop. Ha!

**(M1)**
**Jy het die album voor die ongeluk begin opneem. Het die musiek daarna verander?**

**(M2)**
Ons het net twee liedjies vooraf opgeneem. Toe ek ná die ongeluk voel ek is sterk genoeg, het nog 13 gevolg. Ek was nogal teer, maar ek dink mense sal die passie in my stem hoor. Ek móés eenvoudig weer sing!

**(M1)**
**Hoe gaan dit nou met jou?**

**(M2)**
Ek voel reg en sterk vir my landwye toer en ’n besiger jaar. My sigprobleem gaan tyd neem, maar ek moet net geduldig bly.

**(M1)**
**Hoekom dra jy nie jou oogklap op die album se omslag nie?**

**(M2)**
Ek dink nie ek sal die oogklap vir ewig hoef te dra nie; dis hoekom ek net 'n profielfoto gekies het.

**(M1)**
**Het jou aanhangers se liefde en ondersteuning ná jou ongeluk jou verras?**

**(M2)**
Die ondersteuning wat ek gekry het, was ongelooflik. Dit het my deur 'n paar angstige weke gedra. Ek sal die boodskappe en gebede nooit ooit vergeet nie.

**(M1)**
**Wat wil jy nog in die nabye toekoms aanpak?**

**(M2)**
Daar is planne vir nog 'n rolprent, DVD's en baie vertonings, maar vir eers is dit net Seerower, Seerower, Seerower!**

Pouse: 00'15"

Herhaal van * tot **

Pouse: 00'10"

**(M1)**
Dit is die einde van Afdeling 3, Oefening 1: Vrae 14 – 19. Kyk nou na die vrae vir Afdeling 3: Oefening 2: Vrae 20 – 25.

Pouse: 00'10"

**(M1) Oefening 2: Vrae 20 – 25**

Luister na die voorlesing van Kiepies in die "kattebak" en beantwoord die vrae wat daarop volg. Julle sal die voorlesing **twee** keer hoor.

**(M2)**
*My taxibestuurder, Jairos (ŉ voormalige bokser), wag vir my agter die Arcades-sentrum in Lusaka, Zambië, terwyl ek gou ŉ hamburger bestel. Gospelmusiek blêr uit sy gehawende kar. Ek is op pad lughawe toe om na die koperstreek in die noorde van die land te vlieg.

Dis amper soos Suid-Afrika in die jare sewentig, maar met selfoonadvertensies en nuwe Koreaanse karre. Alles lyk min of meer bekend. Deftige Zambiese vroue, aangetrek vir ŉ aandjie uit in die stad, stap die restaurant binne en bestel almal ŉ Fanta.

Ek eet my hamburger en maak ŉ vinnige draai by die inligtingmarkie agter die sentrum. Toe ek met die agterstraat afstap, gewaar ek hierdie kattebak-hoenderwinkel. Lewende hoenders word uit ŉ motor se kattebak verkoop. Dis maklik om jou neus op te trek – ek het amper. Dis instinktief.

Maar toe besef ek twee dinge: Eerstens: Varser hoender as dié gaan jy nie maklik kry nie. En dis smaakliker as die vaal stukke hoender in kleefplastiek wat jy by jou naaste supermark koop. Tweedens: Ek het al self my onderneming (en in sommige gevalle my lewe) uit my betroubare Toyota se agtersitplek bedryf. Wie is ek om te oordeel?

Ek kry weer vir Jairos en ons ry lughawe toe, maar my vlug is vertraag. Dit beteken net een ding: ŉ uur van klipharde oorgeklankte Sesame Street op ŉ TV waarvan die volumeknoppie kort. Ja-nee, min dinge is lekkerder as om deur Afrika te reis.**

*(Verwerk uit Weg! Mei 2012)*

Pouse: 00'15"

Herhaal van * tot **

Pouse: 00'10"

**(M1)**
Dit was die einde van Afdeling 3 en ook die einde van die eksamen. Binnekort sal die onderwyser die CD-speler afskakel en die vraestelle inneem. Maak seker dat jy jou naam, kandidaatnommer en sentrumnommer op die voorblad van jou vraestel geskryf het. Onthou, jy mag nie praat totdat al die vraestelle ingeneem is nie.

Pouse: 00'10"

**(M1)**
Die CD-speler moet nou gestop word en al die vraestelle ingeneem word.

Dankie aan almal.